**Skriflesing:** Psalm 71
**Tema:** Ons foto's gee ons hoop vir die toekoms.

Psalm 71 is waarskynlik die gebed van 'n individu. Dit gaan swaar met hom as kind van die Here, want hy het oud geword. Hy ervaar hoe sy kragte ingee sodat hy 'n toenemende behoefte aan sorg en hulp het.

Asof dit nie erg genoeg is nie, het die Psalmskrywer ook ander uitdagings. Hy vra vir die Here om hom te bevry uit die hand van goddeloses en uit die greep van skurke en verdrukkers.

In Psalm 71:10-11 skryf hy:
10My vyande sweer saam teen my, dié wat my lewe soek, smee 'n komplot teen my.
11Hulle sê: "God het hom alleen gelaat!
Agtervolg hom en gryp hom, want daar is niemand om hom te red nie!"

Hy praat van dié wat hom vals beskuldig en hulle wat sy ondergang soek.

Vandag is senior burgers toenemend die prooi van sulke verontregting, uitbuiting en bedrog. Aanranding en moord op bejaardes is 'n daaglikse verskynsel in ons samelewing. Die algemene ervaring van baie ouer mense is steeds dié van krisis en bedreiging.

Hoe hanteer ons sulke tye en omstandighede wanneer ons kragte ingee, dinge skeefloop en wanneer nood, krisis en onreg hoogty vier?

Die bidder van Psalm 71 kyk na foto's van sy verlede en hy **besef dat God altyd daar was.** Hy het 'n geloofspad saam met die Here geloop. Van jongs af (Psalm 71:5; 17) het hy op die Here vertrou en het hy God se sorg beleef.
In sy nood was hy nooit alleen nie. God was by hom. Hy het hom elke keer gered. Hy het hom uit die mag van die dood weggeruk, want die Here is getrou. (Psalm 71:2 en 22)

Die fokuspunt van sy gebed, waarin hy om hulp roep, is die Here. Die Psalm skrywer getuig 3 maal van die Here se redding of reddingsdade, 2 maal van sy bevryding, 4 maal sy verlossingswerk en 2 maal dat Hy sy lewe gered het. Die Here is sy hulp en beskerming.
2 maal verwys hy na die Here as 'n rots waar hy veiligheid vind. In Psalm 71:19-20 getuig hy kragtig oor God se groot dade.

Wanneer ek en jy kyk na foto's van ons lewe tot hier sal ons nooit alles verstaan nie, maar ons sal ook sien dat die groot Pottebakker ons nooi verlaat of in die steek gelaat het nie. Soveel onverstaanbare dinge het op die ou end uitgewerk op maniere wat ons nooit kon beplan het nie.

Vandag sien ons God se hand daarin en besef dat God ons tot hier versorg het, ook in die hartseer en moeilike tye waarvan ons nie foto's geneemhet nie.
Dit is net logies dat Hy dit vandag en in die toekoms steeds sal doen. Hy is getrou en sal nie een van ons nou in die steek laat nie.

Betrokkenheid van God by en in ons lewens vanaf die moederskoot, gee ons hoop in ons grysheid.

Ons sien ook by Paulus in Romeine 5:10 iets van die hoop vir die toekoms uit foto's van die verlede: "Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word."
Toe ons verlore sondaars was, het Hy ons met Hom versoen. Nou dat ons verloste sondaars is, staan ons redding soveel vaster.

Maar die bidder vertrou nie net op God en sy sorg nie, hy vertel ook ander daarvan. Hy kan nie stilbly nie en jubel daaroor.
Ons lees in Psalm 71:14-18; 22-24 in die Boodskap vertaling:
14 Ek sal altyd op U bly hoop. Ek sal altyd vertel van die goeie dinge wat U doen.
15 Ek sal sonder ophou sê hoe U mense help. Ek het nie genoeg woorde om al u verlossingsdade mee te beskryf nie. Hulle is meer as wat ek kan tel.
16 Ek sal aanhou vertel van al die wonderlike dinge wat die Here gedoen het.
Oor die bevryding wat net U alleen kan gee, sal ek praat.
17 God, U was vir my soos 'n onderwyser van kleins af. Nou nog vertel ek van die wonderlike dinge wat U gedoen het.
18 Ja, selfs noudat ek oud en grys geword het, sal ek dit aanhou sê. God, moenie nou u rug vir my draai nie. Ek wil eers vir my kleinkinders vertel hoe sterk U is.

22 Dan sal ek U met my musiekinstrumente prys. My God, ek sal U loof. U is getrou.
Met my musiek wil ek U eer. Niemand is soos U nie. U is die Heilige van Israel.
23 Ek sal opgewonde juig wanneer ek vir U lofliedere sing. Ek sal bly wees, omdat U my gered het.
24 Ja, ek sal U elke dag prys, want U het gesorg dat my lewe veilig is.

Waar die wêreld maklik vir ouer mense sê: "Jou tyd is verby," sê God: "Jou tyd is nou om vir die jonges te wys en te vertel hoe Ek getrou bly."

Ons ouer mense is die "lewende argiewe", die getuies wat die goedheid en getrouheid van die Here al oor baie jare ervaar het. Julle moet dit oorvertel.

Julle verhale, ervarings, stories en getuienisse van God se goedheid moet gehoor word. Ouma's en oupas moet 'n voorbeeld stel en vir hul kleinkinders Bybel lees en bid. Ooms en tannies moet lofliedere sing en getuig van God se sorg deur al hulle jare.
Ons ouer mense wat al die goed en sleg van die lewe deurleef het, kan nou uit ervaring sê: "Ek weet God is getrou, want ek het dit self ervaar."

Ek wil elkeen aanmoedig om weer na jou foto's te gaan kyk. Mag dit opnuut vertroue in God by jou werk. Mag dit nuwe verwagting en hoop vir die toekoms by jou losmaak en mag jy daaroor jubel en ander daarvan gaan vertel.
Amen